Plantekennis (b)

Graad 4

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bekend te stel aan die plantelewe van ons land.
2. Deur kennis ‘n liefde en waardering vir ons plantelewe aan te leer.
3. Die grootsheid van God se Skepping te laat besef.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die kultuuropdrag – Genesis 1:26 – 28 ken.
2. Weet uit watter basiese dele alle plante bestaan.
3. Weet wat die taak/doel van elke deel van die plant is.
4. Kennis maak met verskillende blaarvorms en waar van toepassing ook die redes ken vir die aanpassings van die blare (byvoorbeeld die dik blare van die vygie).
5. Prakties kennis maak met verskillende wortelstelsels.
6. Drie inheemse bome identifiseer (werklik of op prente).
7. Drie inheemse blomme identifiseer (werklik of op prente).
8. Drie plante ken wat hulself beskerm.
9. Een plant ken wat in wisselwerking met ‘n dier of insek oorleef.
10. ‘n Plantjie in ‘n pot aan die groei maak van saad, van ‘n steggie of van ‘n bolletjie en dit versorg.

C AANBIEDING

1. Verduidelik wat die kultuuropdrag is en leer die verse vir die kind.
2. Vir vereiste 2 tot 5 moet kennis oorgedra word terwyl die kind die voorbeelde fisies kan sien en ondersoek. Die aanbieder moet alle voorbeelde beskikbaar hê.
3. Vir vereistes 6 tot 9 moet plante self beskikbaar wees. Indien dit heeltemal onmoontlik is, kan van prente of goeie sketse gebruik gemaak word. Video’s kan ook gebruik word.
4. By vereiste 10 sal u vind dat voortdurende navraag en aanmoediging sal verseker dat die kind belangstelling sal behou en dalk nog verdere plantjies aan die groei probeer kry. Verskillende stadiums van groei kan vooraf voorberei word.
5. Wanneer die toetsing plaasvind kan al die plantjies uitgestal word.